

Publication: RapportMpumalanga (Sport)
Publication Date: 16 Apr 2017
Page: 17

AVE: 239564.38
Circulation: 7971
Part: 1 of 1



# Stryd van die blitse




**9.89**
Akani Simbine



**9.95**
Thando Roto



**9.97**
Henricho Bruintjies



**9.98**
Wayde van Niekerk

## SA sneltreine in 100 pak mekaar in Potch

**Wim Pretorius**

Die stryd van die blitse met die sensasionele Wayde van Niekerk as die groot trekpleister sal die Suid-Afrikaanse senior atletiekkampioenskap op Potchefstroom groot glans gee. Die kampioenskap vind Vrydag en Saterdag in dié Noordwes-stad plaas.

Die kort naelloop vir mans het potensieel die plofbaarheid om die toeskouers na hul asem te laat snak met vier atlete wat na verwagting in die blokke sal sak wat reeds die 100 m in onder 10 sek. kafgedraf het.

Akani Simbine (9.89 sek.), Thando Roto (9.95 sek.), Henricho Bruintjies (9.97 sek.) en Van Niekerk (9.98 sek.) spog almal met die land se vier voorste tye in dié naelloop-item.

Die jong, talentvolle Gift Leotlela en Clarence Munyai is boenop twee nat-agter-die-ore-naellopers wat in die meer senior sterre se nekke blaas.

Die 18-jarige Leotlela het vanjaar reeds Simbine se junior rekord tot 10.12 sek. verbeter en vir Van Niekerk laat les opsê in Bloemfontein toe hy hom in Atletiek Suid-Afrika se Spoedreeks geklop het. Munyai het ook al vanjaar die stophorlosie op 10.20 sek. laat stop.

Simbine en Roto het onlangs in Pretoria die vinnigste naelloop nóg op eie bodem afgeblits toe hulle albei onderskeidelik 9.92 sek. en 9.95 sek. by Tuks se L.C. de Villiers-stadion aangeteken het tydens 'n ligabyeenkoms.

Dit was die eerste keer wat twee Suid-Afrikaners in dieselfde naelloop die 10 sek.-kerf kon oortref.

Emile Erasmus se beste tyd van 10.21 sek. beteken dat dié buiteperd nie onderskat moet word nie.

Simbine, Leotlela, Munyai, Bruintjies, Erasmus en Van Niekerk kan boonop in die 200 m vir 'n rekordtyd sorg.

Al dié naellopers het hulle onttrek aan die IAAF se Wêreldaflos-byeenkoms wat Saterdag in die Bahamas begin. Hulle het besluit om eerder plaaslik deel te neem en ondersteuners hier 'n blik en proesel van hul talent te gee.

Pieter Conradie, wat sover vanjaar die voorste Suid-Afrikaner oor 400 m is, spog met 'n persoonlike beste tyd van 45.75 sek. en sal ook sy slag in dié item wil wys, maar met die moontlikheid dat Van Niekerk saam met hom in die blokke kan sak, wag daar 'n berg vir hom om uit te klim.

Conradie het sy visier gestel op 'n tyd van 45.50 sek. sodat hy kan kwalifiseer vir die IAAF se Wêreldkampioenskap wat in Augustus in Londen plaasvind.

Rikenette Steenkamp dreig al heel jaar om die 13 sek.-grens in die vroue-100 m-hekkies te verbeter om net die tweede Suid-Afrikaanse vrou te word om dié prestasie te vermag. Sy het reeds vanjaar 13.04 sek. in Pretoria gehol.

Corien Botha het in 1999 in Spanje die nasionale rekord van 12.94 gehardloop.

Letitia Janse van Vuuren, wat links en regs rekords in die hamergooi laat spat, sal met haar goeie peil wil volhard. Sy het die nasionale rekord in Maart in Sasolburg tot 63.82 m verbeter.

LJ van Zyl sal in die 400 m-hekkies wil wys dat sy bene nog lank nie koud is nie.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.